Fakulteit van Landbou,
Universiteit O.V.S.,
Privaatsak,
BLOEMFONTEIN.

Board Curators of National Park 25 Oktober 1961.

Die Direkteur,
Raad van Kuratore vir Nasionale Parke,
Posbus 787,
PRETORIA.

scientific work in national park

WETENSKAPLIKE WERK IN NASIONALE PARKE.

Waarde Heer Direkteur,

Dit sal vir my 'n groot eer en genoeë wees om op 1 Desember 1961 D.V. u vergadering van institute en persone wat met een of ander projek in ons nasionale parke besig is, by te woon, en het reeds so 'n versoek aan die Direkteur, O.V.S.-Streek, Glen, gerig.

Prof. Hartwig (Entomoloog) wat voornemens is om rysmiere en giftige geleedpotiges in die Nasionale Krugerwildtuin te bestudeer, sou graag ook die vergadering bywoon.

Graag sou ek een of meer van die volgende punte ter bespreking indien:

1.(a) Voorsiening aan bioloë van Parkerade van goeie battery bandopname-masjiene en 'n gewone elektriese bandopnamemasjien vir terugspeel van klankbandopnames.

(b) Dat hierdie bandopnames van diereklanke vir wetenskaplike, radio-uitsendings en buitelandse propaganda gebruik word.

2. Die bou van 'n goedgekamofleerde betonhuisie baie naby 'n groot watersuipplek van wildediere vanwaar behoorlike waarneming, aangevul deur fotografie en klankopname, moontlik is. (Die Portugese het op Inhaca veral vir Witwatersrand Universiteit so 'n laboratorium ingerig).

3. Die aanvulling van die Eland-isolaat in die Noorde van die Nasionale Krugerwildtuin met verskillende geografiese rasse van Elande, miskien selfs ook die reuse Eland van die Kongo. 'n Klein isolaat verkeer onder sekere omstandighede in gevaar van genetiese uitsterwing en die verhoging van fiksheid kan verkry word deur bevordering van genevloei tussen die verskillende rasse in ons land. (Die aanlê van 'n Elandkamp te Skukuza vir genetiese doeleindes sal die moeite loon).

4. Die oorweging of drinkdamme met staande water moontlik 'n gevaar inhou.

5. Die oorweging dat vir studente in Dierkunde en Plantkunde dit 'n verpligte deel van hul prakties moet wees om vir of B.Sc. of M.Sc. 'n studie van ons fauna en flora in ons Nasionale parke, veral die Nasionale Krugerwildtuin, te maak.

6./ ...